So kan boere gesonde vrugte pluk

Schalk Burger
sburger@oldmutual.com

Om 'n aansienlike som van jou beleggingskapitaal te verloor skuins voordat dit uitbetaal, is 'n geweldige finansiële asook emosionele risiko waarvoor 'n mens te staan kan kom. Soveel meer nog vir diegene wie se aftrede net om die draai is. Afgetrede boere en hul gades kom nog voor 'n ander finansiële rooi lig te staan omdat hul beleggingskapitaal, wat vir hulle 'n inkomste in hul goue jare moet bied, se koopkrag ook kan afneem.

Vir boere wat nog jonk is en wat glo dat hulle nog baie tyd oor het om beleggings te maak, lê die gevaar weer daarin dat hulle hul beleggingsplanne dikwels uitstel en ook nie genoeg risiko neem wanneer hulle wel belê nie. En van uitstel kom daar dikwels afstel. Tog is daar sekere strategieë wat boere in plek kan stel ten einde die genoemde finansiële uitdagings doeltreffend te bestuur.

Die boer moet 'n besluit neem oor wat die mees geskikte beleggingsoplossing vir hom sal wees. En dit sal afhang van sy, asook sy familie, se unieke finansiële omstandighede:

- Wil jy as boer 'n inkomste vir jou en jou gade skep (vir iemand wat aftree)?
- Wil jy jou kapitaal beskerm (soos vir 'n boer wat op die vooraand staan van aftrede)?
- Wil jy kapitaal bymekaarmaak (vir diegene wat jonk is, wat vroeg in hul loopbane is en wat kan bekostig om gereelde beleggingsbydraes te kan maak)?

Vir diegene wat 'n inkomste wil skep, lê die uitdaging daarin om jou kapitaal veilig te belê sodat dit 'n haalbare inkomste kan bied en terselfdertyd ook met inflasie kan tredhou. In onlangse tye het baie van hierdie tipe beleggers 'n veilige heenkome gevind in kombinasie inkomstefondse wat aan hulle 'n doeltreffende inkomstebeskermingsopsie gebied het.

Diegene wat op die vooraand van aftrede staan en wat hul kapitaal wil beskerm, moet 'n ander oplossing oorweeg omdat hul behoeftes anders is. Hulle wil nie slegs die koopkrag van hul kapitaal beskerm nie, maar ook verseker dat groei op hul beleggings inflasie gemaklik klop. Hierdie tipe belegger het weer 'n heenkome gevind in gebalanseerde fondse, wat voordeel getrek het uit die markopswaai van onlangse jare. Beleggers wat hulle in hierdie kategorie bevind, moet liefs gaan kers opsteek by hul finansiële adviseur en hul beleggingsdoelwitte asook risikoprofiel deeglik hersien.

Vir diegene wat nog in die proses is om kapitaal bymekaar te maak, lê daar nog jare voor en kan hulle die markte nou maar ignoreer. "Jy het nog tyd aan jou kant en kan meer risikos met jou beleggings neem. Jy kan selfs buitelandse beleggings oorweeg, plaaslike aandele, of beleggings in hoë-groei opkomende markte. Moet egter nie te lank voete sleep nie want voor jy jou oë uitvee staan jy dalk op die vooraand van aftrede"

Daar bestaan egter nie 'n een-nommer-pas-almal beleggingsoplossing nie. Almal van ons se finansiële omstandighede verskil en juis daarom moet beleggers geskikte beleggingsuitkomste identifiseer waarmee hulle welvaart vir hulself en hul families kan skep.

Boere moet in gedagte hou dat ons in Suid-Afrika die afgelope drie jaar stygende aandelemarkte ondervind het – in skerp teenstelling met 2003 toe beide plaaslike en internasionale markte negatiewe groei getoon het. Hoe dit ookal sy, in tye van onsekerheid of wisselvalligheid in die markte is dit belangrik om eerder kalm te bly as om impulsief of reaktief met jou beleggings op te tree.

Besluiteloosheid het beleggers ook al baie uit die sak gejaag, terwyl diegene wat deurgaans 'n gesonde beleggingsstrategie toegepas het, met verloop van tyd die finansiële vrugte daarvan sal pluk.